

*DIE PROSES
VAN
DISSIPELSKAP*

ARNO MARIANNE CLAASSEN

*'N VARS NUWE DENKE OOR
GEMEENTEWEEES! (DEEL 11)*

© KOPIEREG 2010

**ARNO & MARIANNE CLAASSEN
LIFEWISE CONSULTANTS**

UITGEGEE DEUR:

LIFEWISE UITGEWERS

ABSA, Takkode – 334 645
Rekening nommer: 9211 621 868

POSBUS 31288
WONDERBOOMPOORT, 0033

(012) 335 7571
Arno Claassen- 082 460 3024
Marianne Claassen - 082 412 7000

arno@lifewise.co.za

www.lifewise.co.za

DIE REGTE VAN DIE GESKRIF SOOS HY IS, IS IN DIE
HANDE VAN DIE SKRYWER. ENIGE LESER WORD
AANGEMOEDIG OM DIT VIR SOVEEL MENSE AS
MOONTLIK AAN TE STUUR SONDER OM DIE INHOUD
DAARVAN TE VERANDER. DIE INHOUD KAN VRYLIK
VERWERK WORD IN JOU EIE WOORDE EN WEER
GEBRUIK WORD ONDER JOU EIE NAAM!

VOORWOORD

Ons is al soveel jare met gemeentewees besig en tog sukkel ons nog om dit te definieer, wat nog te beoefen en dit voort te plant! Eintlik gaan alles net oor hierdie hoofstuk wat ek nou skryf. Die res was alles net inleidend om ons te oriënteer uit ons deurmekaar, verdwaalde wêreld. Kerkwees het ons lewens baie besig, ingewikkeld en deurmekaar gemaak. Dit is tyd om uit te breek in 'n gemeentelewe wat eenvoudig is en wat nie deur die mens gedra word nie. Dit is nou die tyd om by die antwoord te kom en te aktiveer waaroor ons gepraat het. Ek wil jou ernstig aanmoedig om hierdie hoofstuk verskeie kere te lees, dit voor die Vader te mediteer en seker te maak dat jy die openbaring in die model of strategie kan verstaan.

Hierdie is nie net 'n nuwe model en vier nuwe punte nie. Laat ons duidelik vir mekaar sê dat die oplossing vir ons gemeenteprobleme in beginsel geen nuwe model is nie, maar 'n lewende, dinamiese en vars Jesus Christus wie se lewe in elke gelowige borrel en wie se liefde nie net 'n spreekwoord moet wees nie, maar 'n lewenswyse! Die antwoord op alles in die lewe is Jesus en Jesus alleen! Daardie Jesus wil egter manifesteer en voortplant. Ongelukkig is ons gemeente-infrastrukture te struktureel met te min verhouding, en daarom sukkel Jesus om by al die ander mense in die wêreld uit te kom. As ons oor 'n model praat, is dit net om 'n funksionering te probeer daarstel wat sal toelaat dat die Hoof weer kan terugkeer tot die gemeente om Sy plek in te neem en self die leierskap aan te gee. Ons het in funksioneringsvorme verval wat so gefokus is op die mens se nood en opinie dat God die Vader nie meer plek het om Sy Vaderlike stem te laat hoor nie! Ek daag jou uit om dit wat hier geskrywe is met 'n oop gemoed te probeer toepas in die praktyk.

DIE PROSES VAN DISSIPELSKAP

11.1) VERANDERING EN DISSIPELSKAP

Ons het nou gekyk na al die beginsels in die Woord aangaande die Vader, Jesus se koms, lewe, gemeentewees, dissipelskap en lewensverandering. As ons al hierdie goed bymekaar sit, word dit eintlik logies om te verstaan wat ons nou te doen staan. Verstaan mooi, ons soek nie net 'n nuwe ding omdat ons 'n nuwe model soek en die oue nie werk nie. Ons soek die oorspronklike model wat nog al die jare in die hart van die Vader was. Ons soek dit wat lewe en verhouding sal bring, bevorder, beskerm en vermeerder! Ons behoefte is nie om 'n nuwe bediening te begin en 'n nuwe leier met 'n nuwe organisasie te vestig nie, maar om die heerlikheid van die Here oor die hele aarde te laat versprei! Almal moet Hom sien, van Hom bewus raak en in 'n verhouding met Hom gaan!

Ons het laas nog tot die konklusie gekom dat verandering plaasvind deurdat dit:

- Gestimuleer word deur die Woord (Jesus Christus),
- Gewerk word deur die Heilige Gees,
- Geopenbaar word in die gees van die mens,
- Gehoorsaam word in verhoudings en
- Uitgedeel word aan ander mense!

Ons definisie van dissipelskap was as volg: Dissipelskap is die proses van om, in die *teenwoordigheid van ander mense*, iemand te begelei in 'n toer deur al sy *verhoudings*, sodat hy die *Vader se wil* vir sy lewe kan ontdek en *gehoorsaam* daaraan kan raak.

Opgebreek is dissipelskap die proses waardeur God:

- die harte en verhoudings van mense verander
(gehoorsaamheid in verhoudings)
- in 'n gemeenskap van mense
(atmosfeer tussen mense)
- deur die werking van die Woord en die Heilige Gees
(Woord)
- tot 'n uitvloei van 'n koninklike lewensstyl
(getuienis)

11.2) VIER PILARE VAN DISSIPELSKAP

In ons ontdekkingsreis tot dusver het daar voortdurend 4 sake na vore gekom. In ons praktiese toepassing van dissipelskap is hierdie vier sake die pilare waarop dissipelskap gebou is volgens die Woord. Jy kan maar die boeke oor die hele kerkgeskiedenis gaan lees en jy sal altyd vind waar een of meer van die beginsels aktief nagevolg en uitgeleef was, was daar oplewing en herlewing. Ek het onlangs 'n uitstekende boek oor die sogenaamde huiskerkbeweging in China gelees en hierdie vier sake staan uit soos pilare in China. Hulle self het probleme opgetel toe van die leiers begin afwyk het daarvan en sekondêre sake primêr begin maak het.

Die 4 pilare van dissipelskap is as volg:

- Die atmosfeer van 'n groep,
- Die lees van die Woord,
- Gehoorsaamheid in verhoudings en
- Getuienis teenoor ander mense!

Hierdie is beslis nie die enigste vier sake wat betrokke is in dissipelskap nie, maar is die pilare en raamwerk

waarrondom al die ander dinge ingevoeg word. Hierdie is die hart en primêre waardes wat te alle tye beskerm moet word, anders gaan die sekondêre dinge oorneem en die hart word. Ek glo dat teologiese suiwerheid belangrik is in die Woord, maar nooit verhef moet word bo gehoorsaamheid aan God in verhoudings nie. In ons hedendaagse gemeentewees is ons dikwels meer bekommerd oor wat die gelowiges glo as wat hulle lewe. Die een is nie teenoor die ander of belangriker as die ander nie. Daar is 'n orde waarin dinge in die gelowige se lewe moet gebeur.

Ek het gaan sit en terugdink oor die jare van my bediening en tot die besef gekom dat elke persoon waarmee ek gewerk en wat bediening nodig gehad het, 'n ontbreking van een of meer van die 4 pilare in sy lewe gehad het. Hierdie 4 pilare is nie net die DNA van suksesvolle dissipelskap nie, maar ook die broeiplek van suksesvolle gemeentewees. Die oomblik as iets anders die plek daarvan begin inneem, sien jy hoe mense begin afwyk en geestelik siek word. As jy na die boodskappe van Angus Bachun luister en na sy lewe kyk, sal jy dieselfde vier sake sien uitstaan as primêre waardes. Lewers moet ons vanuit hierdie vier waardes bou en al die ander dinge daarby inwerk. In gemeentelêwe mag ons nooit toelaat dat enigiets anders die 4 pilare vervang nie. Dit is die hart en kern wat lewe bring, beskerm en voortplant!

11.3) OPSOMMING VAN DIE 4 FASES

Hierdie 4 fases is nie net die opsomming van die 4 pilare wat suksesvolle dissipelskap produseer nie, maar vorm ook die proses waarmee dissipelskap beoefen word. Hierdie proses is die hoofprogram van gemeentewees en enigiets anders word daarrondom gebou. Almal pas dit toe en die

verwagting is dat almal 'n groep daarmee sal lei. Die dissipelskap van die gelowiges bestaan in wese daaruit om so vinnig as moontlik self 'n groep te bou en te lei met die proses. Elkeen wat weer 'n groep of gemeente begin, ontvang direkte mentorskap vanaf die leier in die gemeente waaruit daar uitgeplant is. Hierdie intensiewe mentorskap duur gemiddeld twee jaar voordat die nuwe gemeentepanter 'n aktiewe, bedrewe planter word.

In Afrikaans is die vier fases die volgende:

- Gebedsatmosfeer in GROEP
- Die WOORD
- GEHOORSAAMHEID in verhoudings
- GETUIENIS

Ander mense het die volgende benamings daarvoor:

Neil Cole (DNA)	English	David Watson
CONNECTION	PRAYER	REVIEW
DIVINE TRUTH	WORD	DISCOVER
NURTURING RELATIONSHIPS	OBEDIENCE IN RELATIONSHIPS	OBEY
APOSTOLIC OUTREACH	WITNESS	SHARE

Kom ons bekyk die vier fases en hoe dit in die praktyk gehanteer word. Eintlik is dit 'n verskriklik eenvoudige proses wat deur enige gelowige toegepas kan word. Die hart daarvan is om mense te fasiliteer sodat hulle tyd in die teenwoordigheid van die Vader kan spandeer om Sy stem te hoor. Die Vader wil graag sy eie kinders dissipel en al wat die groepsleier doen, is om die Vader se teenwoordigheid te fasiliteer. Die groepsleier is dus in alle opsigte 'n fasiliteerder wat nie nodig het om enige vrae te antwoord of enige lesings te gee nie. Hy moet eintlik net seker maak dat die groepslede nie in teologiese diskussies

en argumente verval nie, want dit sal die Heilige Gees demp.

Die groep gaan oor die Vader en sy kinders, en daarom moet die groepsleier seker maak dat almal uit hulle harte praat en niemand die groep skaak of oorneem nie. Geen gawe mag in die groep funksioneer wat die groep afhanklik daarvan sal maak, sodat dit nie daarsonder meer kan funksioneer nie. Ten diepste is die Vader die hele tyd eintlik die leier van die groep deur die Woord en werking van die Heilige Gees.

GROEPSFASILITERING

VIER FASES IN DIE PROSES:

1) ATMOSFEER (GEBED)

Inleiding: OORSIG / HERSIENING

- Waarvoor is jy dankbaar in die week?
- Watter probleme of behoeftes het jy op die oomblik?
- Is daar enige persoon in die groep wat in die behoeftes kan voorsien?

Verantwoording:

- Waaroor het verlede week se les gehandel?
- Met wie het jy verlede week se gedeelte gedeel?
- Doen jy enigiets anders sedert die laaste byeenkoms?
- Het jy God beleef sedert die laaste keer wat ons vergader het??

2) ONTDEK (WOORD)

Lees die verskillende gedeeltes hardop:

- Wat gebeur in die gedeelte?
- Wat vertel hierdie gedeelte ons oor God?
- Wat vertel hierdie gedeelte ons oor mense?

MOENIE lering gee oor die waarhede in die gedeelte nie!

Vra vrae totdat hulle die basiese waarhede in die skrifgedeelte ontdek het.

Laat hulle praat oor die gedeeltes voor hulle en nie oor ander gedeeltes nie.

Moenie hulle toelaat om te spring na boeke, preke, leerstellings en menslike opinies nie.

Laat hulle uit hulle hart praat!

Noudat die groep die waarhede in die Woord ontdek het, help hulle ontdek wat die Vader sê die stappe van gehoorsaamheid in hulle lewens moet wees.

3) GEHOORSAAMHEID (VERHOUDINGS)

Vra vrae wat die individue in die groep sal help om te sê hoe hulle die Vader sal gehoorsaam. Help hulle om spesifieke commitment stellings te maak soos: “Ek sal...” of “ons sal...” (of die kulturele ekwivalent).

Bemoedig hulle om mekaar te ondersteun om by daadwerklike gehoorsaamheid uit te kom.

Help hulle om te beweeg van ‘n algemene stelling soos ‘Ek sal God liefhê’ na ‘n spesifieke stelling soos, ‘Ek sal God liefhê deur ...’

Aan die einde moet jy hulle vra om hulle gehoorsaamheidsstellings neer te skryf. As hulle gewillig is, moet hulle dit sommer met die groep ook deel. Vra hulle om saam te bid vir mekaar dat hulle God sal toelaat om die planne uit te voer wat Hy vir hulle gegee het.

- Wat moet in my verhouding met God verander?
- Wat moet in my verhoudings met ander mense verander?
- Wat gaan vir my moeilik wees in die gedeelte om te gehoorsaam?
- Hoe kan ander Christus volgelingen my help om hierdie gedeelte te gehoorsaam?
- Is daar enige ander vrae wat jy oor hierdie gedeelte het?

4) DEEL (GETUIENIS)

Aktiveer in die praktyk wat jy geleer het die week.

Deel met ander wat jy geleer het die week.

Help om die behoeftes van die groep en die gemeenskap te ontmoet.

- Weet jy van enige persoon met wie jy hierdie verhaal kan deel?
- Weet jy van enige persoon wat hulp nodig het? Wat kan die groep doen om die mense te help?

11.4) INTERAFHANKLIKE WERKING

Dit is natuurlik logies dat 'n mens 'n bietjie meer gebruikers vriendelike terme sal gebruik as jy die groep hanteer met net ongelowiges teenwoordig. Mens sal nie noodwendig

dan van bid praat nie, maar eerder om dank uit te spreek teenoor mekaar vir iets. In plaas van om te vra wat die Here vir jou sê, sal dit beter wees om te vra wat die gedeelte tot jou spreek. Die basiese beginsels van die 4 pilare bly altyd dieselfde, maar dit word met wysheid aangepas vir die mense wat teenwoordig is.

Dit is van uiterste belang om die interaktiewe werking van die 4 pilare op mekaar te verstaan. Die huis het vier pilare nodig vir die dak, maar met net een weg gaan die ander ook inmekaar stort. Die vier veroorsaak saam 'n dinamiek wat meebring dat lewe opgewek, onderhou en voortgeplant word. Die kuns is om hierdie 4 punt proses te beoefen totdat dit 'n vaardigheid in jou lewe is. Jy kan dit orals toepas; by die huis, by die werk, op treine, in parke en op enige uitreik. Die twee grootste probleme in gemeenteweese is om mense by die Here uit te kry en hulle passievol te hou. Geen mens kan enige van die twee werklik vir iemand anders doen nie. Ons kan net 'n proses begin waar mense dit direk van die Vader af ontvang en ons taak is om mekaar by te staan en verantwoording aan mekaar te doen. Kom ons kyk afsonderlik na elke fase se belangrikheid om lewe te skep en te onderhou:

11.5) GEBEDSATMOSFEER IN GROEP

Eerstens word daar van alle persone verwag dat hulle hulle lewe en pad van dissipelskap tot 'n groep sal commit. Die mens is 'n kuddewese, want die Vader is 'n familiehoof wat gemeenskappe geskape het. Geen mens is gemaak om die lewe alleen te leef nie en 'n geweldige groot deel van jou lewe se sukses hang daarvan af of jy die Here vanuit 'n gemeenskap dien. Die rede hiervoor is eerstens dat die mens 'n verhoudingswese is en verhouding kan net beoefen en herstel word in verhoudings. Jy kan net leer

swem in 'n swembad, alhoewel jy ook kan verdrink in 'n swembad. Enige verhouding is in beginsel 'n risiko, maar daar is meer positief in verhoudings as wat daar potensiele seer kan wees.

In die bestaan van 'n lewende organisme is daar twee belangrike faktore wat die gesondheid en toekoms van die organisme bepaal. Hierdie twee faktore is *atmosfeer* en *voeding*. 'n Goudvissie se atmosfeer is die water en sy voeding is die kos wat in die water gegooi word. Nooit moet ons hierdie twee faktore teenoor mekaar stel nie, want beide is nodig, maar die een is meer belangrik as die ander. 'n Goudvissie kan weke lank sonder kos klaarkom, maar slegs 15 minute buite die water sal hom laat doodgaan. Jy kan dus langer sonder voeding klaarkom as sonder atmosfeer. Atmosfeer is dus meer bepalend as voeding!

In ons gemeentewees het ons dit juis omgedraai. Ons voed en voed en oorvoed elke liewe gelowige tot hulle spekvet is, maar ons let nie so noukeurig op hulle atmosfeer nie! Die voeding van die mens is ook nie preke nie, maar om eersterangs aan die voete van die Vader te sit. Daar word baie gepredikte Woord deurgegee, maar die eersterangse Woord direk van die Vader is maar skaars. Die atmosfeer van die vis is die water en die atmosfeer van die voël is die lug, maar die atmosfeer van die mens is verhouding. Ons is 'n produk van verhouding, is gebore uit verhouding, moet grootgemaak word in verhouding en kan net groei as ons in verhouding staan. Die atmosfeer van die mens is nie kantore, lesinglokale en ouditoriums nie! Die hart van die mens kan net groei waar hy in verhouding met ander harte staan. As jy nie meer vriende het teenoor wie jy jou hart kan oopmaak en saam met wie jy kan lewe nie, sal jy ongesond in jouself word en geestelik uitteer.

Wat vind in die groep plaas wat so 'n bepalende dinamiek bring in mense se groei?

- Die groep neem die gevoel van eensaamheid weg.
- Elke mens het 'n atmosfeer rondom hom en die groep is een groot atmosfeer.
- Lewe kan net bewaar word in 'n groep. Waar twee of drie die lewe van Jesus deel en uitdeel is gemeentewees.
- In die groep word ons emosioneel ondersteun en gevoed as dit by geleentheid nodig is.
- In die groep is mense lief vir mekaar en beoefen die mekaar tekste.
- Jy word opgevang in die groep as jy 'n laagtepunt beleef.
- In die groep is ander mense met dieselfde probleme en ons leer by mekaar.
- Daar is mense wat alreeds dinge geleer het wat jy nog nie eers van weet nie en jy hoef nie alles van voor af uit te vind nie.
- Mense in die groep gee ondersteuning, bemoediging en inspraak in jou lewe.
- In die groep leer ek om op te hou 'blameshift' en my verantwoordelikhede op te neem.
- In die groep maak ek commitments om die Woord saam te bestudeer.
- Elke persoon doen verantwoording aan die groep van die gehoorsaamheidstappe in sy lewe.
- In die groep leer jy om openlik en deursigtig te wees en uit jou hart te praat.
- In die groep leer ons om gebalanseerd te lewe en nie weg te hardloop met oormatige beklemtoning nie.

- In die groep leer ons om die lewe te leef, God te gehoorsaam en nie die hele dag te praat oor ons probleme en teologie nie.
- In die groep leer ons om ons lewe vir ander mense neer te lê en nie net vir onself te lewe nie.

Na hierdie lys hoef jy nie meer te wonder waarom die meeste gelowiges stilstaan in hulle geestelike lewe nie. Die groep is beslis nie alles nie, maar as jy dit weglaat gaan jy baie sukkel en jouself afsny van mense waardeur die Vader in jou wil werk. Mense kan nie vir ons lewe gee en onderhou nie, maar hulle is God se hande om ons te ondersteun in moeilike tye en aan te moedig om voort te gaan. God alleen is ons bron van lewe, maar ons is gebore uit mense, moet lewe tussen mense en sal net gesond wees as ons ons lewe vir ander mense neerlê. Lewe woon in mense en versprei deur mense. Ek kan soveel lewe in myself hê, maar sal dit nie kan versprei as ek nie leer om met mense in groepe te kommunikeer nie. Liefde is gemaak om te gee en jy kan net gee deur in die teenwoordigheid van ander mense te kom.

In Suid-Afrika word die term ‘Ubuntu’ baie gebruik. Lees die volgende aanhaling daaromtrent. “South Africans have always created in collaborative groups. ‘Ubuntu’ is most effectively encapsulated in the phrase: ‘umuntu ngumuntu ngabantu’, which can be roughly translated as: *“a person is a person through other people”* or *“I am what I am because of you”*. This philosophy engenders itself in song, dance and music, where all individuals in the community participate in the creation process.” Dit is wat ware gemeentewees is, naamlik die betrokkenheid van almal in die gemeenskap onder leiding van die Heilige Gees. Kom ons ontdek weer die rykdom wat God weggebêre het in elke mens op aarde.

11.6) ONTDEK DIE WOORD

Die tweede primêre pilaar van gesonde gemeentewees is die Woord. Die Woord is ons bron van lewe, waarsonder enige persoon geestelik sal doodgaan. Die vleesgeworde Woord woon in ons deur middel van die inwoning van die Heilige Gees, maar ons moet die geskrewe Woord lees en bestudeer om ons gees te voed! Matt.4:4 –

“Maar Hy (Jesus) antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan.” Jesus is die Woord, maar ook Hy het gelewe vanuit die woorde van die Vader se mond wat uit sy hart vloei. Elke gelowige moet persoonlik aan die voete van die Vader sit om deur Hom gevoed te word. Net direkte openbaring van die Vader is egte voeding en preke van mense stimuleer ons die moment as ons dit hoor, maar voed nie ons gees op die langtermyn nie. Die gemiddelde gelowige lees nie eers een hoofstuk ‘n dag nie en dan wonder ons hoekom ons lewens so lendelam is. Joh.8:31-32 - “En Jesus sê vir die Jode wat in Hom geglo het: As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.” Die eerste basiese eienskap van ‘n dissipel is iemand wat die woorde van die Vader ken en daarin lewe.

Daar is geen moontlikheid vir ons om heilige lewens te kan lewe sonder die Woord nie. Heb.4:12 - “Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en murg, en is ‘n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart.” Die Vleesgeworde Woord, Jesus, woon in ons gees en kan net sy lewe deur ons leef indien dit deur die geskrewe Woord gestimuleer en opgewek word. Die Heilige Gees is die

Gees van Christus en werk net in die teenwoordigheid van die Woord. Kol.3:16 - "Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid. Leer en vermaan mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere, en sing in julle hart met dankbaarheid tot eer van die Here."

1Joh.2:14 - "Ek het aan julle geskrywe, vaders, omdat julle Hom ken wat van die begin af is. Ek het aan julle geskrywe, jongmanne, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het." Daar is net een weg om in oorwinning te begin lewe en dit is om sterk te word in die Woord. Baie gelowiges sê vir my dat hulle nie lus het om die Woord te lees nie. Daar is 'n natuurlike begeerte in jou gees na die Woord van God. Indien jy dit nie ervaar nie, is daar heelwaarskynlik sonde in jou lewe waarmee nie genoegsaam gedeel is nie en dit eet jou lus vir alle geestelike dinge op. Soms het ons eers nodig om ons te bekeer van die bese dinge in ons lewens, voordat die honger na die Here weer sal terugkeer uit ons gees. Hos.10:12 - "Saai vir julle volgens die eis van geregtigheid, maai in ooreenstemming met die liefde; braak vir julle 'n braakland, want dit is tyd om die HERE te soek, totdat Hy kom en geregtigheid oor julle laat reën."

Die probleem met gelowiges is dat niks in hulle lewens opdam of 'n lewenswyse word as daar nie 'n fondament van Woord is nie. Jy kan die mooiste goed inbou in hulle lewens, dit gaan net alles deurval en verdwyn as daar nie 'n Woord onderbou is nie. Die Heilige Gees werk deur die Woord en hoe minder Woord jy in jou lewe het, hoe minder geleentheid is daar vir die Heilige Gees om met jou te praat. Dit is ook hoekom jy die ongelowige sover moet kry om die Woord te lees. As ongelowige het hy nie die Heilige Gees in hom nie, maar sodra hy die Woord lees, praat die Vader met hom. Die Woord stel Heilige Gees werking vry!

11.7) GEHOORSAAMHEID IN VERHOUDINGS

Wanneer die Woord gelees word, praat die Vader met elke persoon wat dit lees of hoor. 1Tim.1:5 - "Maar die doel van die gebod is liefde uit 'n rein hart en 'n goeie gewete en 'n ongeveinsde geloof." Ek sê altyd 20% van 'n saak is inhoud en 80% is gees en lewe. Die grootste doel van die Woord was nooit om ons teologie uit te sorteer nie, maar ons persoonlike lewens te transformeer. Wanneer jy die Woord lees, sal dit verseker leuens in jou lewe blootlê waarna jy beslis jou gemoed moet vernuwe. Ons kan nie maar net enigiets glo nie, maar daar is mense met perfekte geloofsdefinisies wat nog steeds nie die goddelike lewe leef of enigiets reproduseer nie. Dit kan alles net in die verstand wees. Verseker gebruik die Here ons verstand, maar die einddoel van die Woord is slegs veranderde en reproduserende lewens. Reproduksie is die enigste maatstaf van sukses. Die openbaring van die waarheid van my identiteit in Christus is beslis die beginpunt van verandering, maar sonder stappe van gehoorsaamheid sal dit net 'n lekker openbaring bly.

Die meeste gelowiges sit en bespreek beginsels, opinies en leerstellings as hulle bymekaar kom. 1 Kor.8:1 sê die kennis maak opgeblase, maar liefde stig! Die Woord is 'n liefdesbrief en nie 'n teologiese handboek nie. Dit moet vanuit die hart gelees word en nie alleen met die verstand nie. Ons kom bymekaar om in liefde oor die liefde van die Vader te praat. Ons is nie geroep om in teologiese diskussies en argumente betrokke te raak nie. 1Tim.6:3 - "As iemand iets anders leer en nie instem met *die gesonde woorde* van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie, (4) dié is verwaand en verstaan niks nie, maar het 'n sieklike sug na *twisvrae en woordstryd* waaruit ontstaan afguns, twis, lasteringe, bese

agterdog, (5) *nuttelose stryery* van mense wat verdorwe in hulle verstand en van die waarheid beroof is en dink dat die godsaligheid winsgewend is. Onttrek jou aan sulke mense.” Die behoefte in gemeentewees is om uit die hart eerlik en reguit oor verhoudings te praat. Ons lewens bestaan uit verhoudings en geluk kom deur oorwinning in daardie verhoudings te lewe.

Omdat die gemiddelde gelowige net sit en leerstellings uitsorteer, hanteer hy ook mense in boksies van leerstellings. Dit bring mee dat diegene wat nie saamstem nie, aktief beprek en selfs gekritiseer sal word. My ervaring is dat ongelowiges geweldig sensitief is vir prekende en tereg wysende gelowiges wat net almal om hulle wil korrigeer en met niemand in ‘n verhouding kan staan wat met hulle verskil nie. Hoe gaan jy ‘n ongelowige bereik as jy hom nie onvoorwaardelik kan liefhê tewel hy ‘n deurmekaar teologie en lewe het nie? Dit is nie ons taak om enige mens te verander of te oortuig nie, want dit is die werk van die Heilige Gees deur die Woord! Ons taak is om hulle lief te hê en hulle aan die Woord bloot te stel.

Wanneer die dissipelskapsgroepe of gemeentes funksioneer, sal die Skrifte saam gelees word en elke persoon geleentheid kry om te sê wat dit tot sy hart spreek. Almal praat uit hulle hart en nie teologie nie. Niemand word toegelaat om te reageer op wat enige ander persoon gesê het nie, veral nie om hom te korrigeer nie, nie eens met Skrif nie! Niemand haal uit ander boeke of preke aan of spring na tien ander tekste in die Woord nie. Dit skep ‘n baie veilige atmosfeer vir mense om eerlik oor hulle belewenisse te wees, al is dit verkeerd en sonde. Sonde moet aan die lig gebring word, sodat die lig dit kan bestraf. Volgens die Woord moet ons leer om ons sondes aan mekaar te bely. Niemand kan bepaal watter persentasie elke persoon reg of verkeerd is nie, daarom los ons dit vir

die Here. Solank mense die Woord lees, sal die Woord jou langs die pad korrigeer. Ons bly by die teks voor ons totdat ons die stem van die Vader gehoor het oor wat elkeen daaromtrent moet doen in sy lewe. Elkeen skryf sy stappe van gehoorsaamheid neer en die groep monitor mekaar aangaande dit. Die meeste kleingroepe is dood of gaan dood weens een persoon wat aanhoudend lering gee. Daar is geen reproduksie daarin nie!

11.8) DEEL OF GETUIENIS

Daar is niks so dodelik as om net vir jouself te lewe nie. Ons is in die Weste so gewoon daaraan dat ons al dink ons dood is die lewe. Hierdie dood is duidelik sigbaar in ons kinders, huwelikke en gemeentes. Alles draai net rondom onself! Aan die ander kant is daar niks wat soveel lewe en volwassenheid skep as juis om uit te gee en verantwoordelikheid vir ander mense om jou te vat nie! Liefde was nooit gemaak om opgegaar te word nie, want liefde kom net tot sy reg as jy liefhet! God is liefde, maar Hy is altyd aan die beweeg in mense se lewens in. God is altyd op 'n sending waar Hy betrokke is by sy familie. Paulus het die dag na sy bekering reeds aan ander uitgedeel wat hy ontvang het. Ons getuig nie wanneer ons volwasse is nie, want ons word volwasse deur te getuig!

Jesus het gekom om te getuig aangaande die Vader teenoor ons, sodat ons weer getuienisse kan wees teenoor die ongelowiges. Joh.1:7 - "Hy het tot 'n getuienis gekom *om van die lig te getuig*, sodat almal deur hom sou glo. (8) - Hy was nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig." Joh.15:27 - "En *julle getuig ook*, omdat julle van die begin af met My is."

OPSOMMING

- 1) Geen model bring lewe nie, maar kan die bestaande lewe laat vloei en reproduseer.
- 2) Die proses van verandering bepaal die proses van dissipelskap.
- 3) Die 4 pilare van dissipelskap is as volg:
 - Die atmosfeer van 'n groep,
 - Die lees van die Woord,
 - Gehoorsaamheid in verhoudings en
 - Getuienis teenoor ander mense!
- 4) Die 4 pilare van dissipelskap is die primêre sake wat 'n proses van ware dissipelskap stimuleer.
- 5) Die leiers van die groepe is nie predikers of leraars wat antwoorde moet verskaf nie, maar hulle fasiliteer slegs die teenwoordigheid van God sodat Hy met die mense kan praat.
- 6) Mense in die groepe moet geleer word om uit hulle harte te praat en nie uit hulle verstande nie. Dit gaan nie oor teologie nie, maar oor verhoudings.
- 7) Verantwoording in die groep teenoor mekaar is 'n uiters belangrike faktor in dissipelskap.
- 8) 'n Atmosfeer van verhoudings is meer bepalend vir groei as voeding!
- 9) Elke persoon op aarde moet die Vader persoonlik hoor deur die Woord.